



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

MPUMALANGA

PUNTE: 120

Hierdie memorandum bestaan uit 15 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

VRAAG 1**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.1	“multisportbyeenkoms” <i>(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)</i>	1	2
1.2	internasionale	1	3
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • 31 (keer) • Een en dertig (keer) (Enige EEN)	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • atletiek • swem • skerm • gimnastiek (Enige EEN)	1	1
1.5	Skaak was nog nooit deel van die Spele nie. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • 4 (afdelings) • Vier (afdelings) (Enige EEN)	1	1
1.7	Sewes-(rugby) ✓ en gholf ✓	2	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is moeilik om wintersportsoorte/ski/yshokkie in die somer te beoefen. • Vir ski/yshokkie (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.9	(In) Rome <i>(Aanvaar indien hele sin aangebied word)</i>	1	1
1.10	(Aan die) marathon <i>(Aanvaar nie hardloop of atletiek nie)</i>	1	2
1.11	<ul style="list-style-type: none"> • Gewone mense sal besef dat gestremdes ook sukses kan behaal/uitblink/goed doen (as hulle hard werk/oefen). • Gewone mense kan sien dat gestremde mense ook persone is met gevoelens en drome. • Gewone mense kan besef dat gestremdes nie bejammer wil word nie. • Gewone mense kan besef dat gestremdes ook talente het/ook kan deelneem. • Gewone mense kan die gestremdes respekteer. • Gewone mense kan sien en leer hoe gestremdes dinge doen. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4

1.12	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is nie regverdig dat jong atlete teen volwasse atlete deelneem nie/dis net regverdig. • Jong atlete het nie dieselfde ervaring as volwasse atlete nie. • Jong atlete is nie so sterk soos volwasse atlete nie. • Jong atlete kan nie die druk van kompetisie so goed soos volwasse atlete hanteer nie. • Om jong atlete aan te moedig om hard te werk aan hulle talent/voor te berei vir die Olimpiese Spele. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
1.13	<ul style="list-style-type: none"> • (Die Olimpiese Spele) word elke 4 jaar gehou. • (Die Olimpiese Spele) word elke vier jaar gehou. (Enige EEN) 	1	2
1.14	<ul style="list-style-type: none"> • B • dit kos baie geld om die Spele aan te bied. • B dit kos baie geld om die Spele aan te bied. (Enige EEN) 	1	3
1.15	eenheid	1	3
1.16	<p>Al die lande wat deelneem, het ten minste een van hierdie kleure in hul eie vlae. (<i>Geen punt indien kleure verkeerd gespel word nie</i>) (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1	1
1.17.1	Engels en Frans	2	1
1.17.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die meeste toeskouers gaan uit daardie land kom/die meeste mense verstaan dit/sodat almal kan verstaan. • Dit toon respek teenoor die mense van die land waar die Spele gehou word. • Ander kan iets van die land leer/die taal hoor. • Dit maak die organisasie van die Olimpiese Spele makliker. • Dit maak kommunikasie makliker. • Die land reël die Olimpiese Spele. • Dit laat die mense van die land tuis/trots voel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
1.18	<p>“skouspelagtige”/“skouspelagtig” (<i>Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie</i>)</p>	1	2
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • B • goue • B goue (Enige EEN) 	1	2

1.20	<ul style="list-style-type: none"> Die deelnemers probeer vinniger hardloop, hoër spring en sterker wees/dit motiveer die deelnemer. Elke deelnemer probeer wen/(beter as die ander) presteer. Dit dui op die aktiwiteite/sportsoorte by die Olimpiese Spele. Dis 'n opsomming van die doel van die Olimpiese Spele. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
1.21	<ul style="list-style-type: none"> Nie almal kan altyd wen nie. Deelname aan sport is goed vir mense se gesondheid. Dit bevorder goeie spangees/sportmanskap. Dis 'n prestasie/eer om te kwalifiseer/deel te neem. Dis 'n goeie/verrykende ervaring. Athlete geniet dit om deel te neem, al wen hulle nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	5
SUBTOTAAL:		24	

TEKS B: VISUELE TEKS

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
1.22	<ul style="list-style-type: none"> “Apple” “Google” “Microsoft” “amazon.com” “IBM” (Enige EEN) <i>(Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)</i>	1	3
1.23	inkopie-bedryf	1	3
1.24	<ul style="list-style-type: none"> (Met) 4 (%) (Met) vier (%)/(persent) (Enige EEN)	1	3
1.25	Toyota	1	3
1.26	<ul style="list-style-type: none"> D hoe die produkte se waarde van 2014 na 2015 verander het. D hoe die produkte se waarde van 2014 na 2015 verander het. (Enige EEN)	1	3
1.27	<ul style="list-style-type: none"> Daar is baie prentjies/simbole/grafika/illustrasies. Daar is min woorde. Daar is meer prentjies/simbole/grafika/illustrasies as woorde. Die prentjies/simbole/grafika/illustrasies gee vir jou die inligting. Jy kan die inligting sien/jy lees nie hierdie teks nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING A:		30	

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
 - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie geenaliseer word nie.
- **Nasien:**
 - Elke feit moet sin maak.
 - Daar moet 'n sinvolle werkwoord in elke sin wees.
 - Sien net die eerste feit na indien 'n feit twee keer geskryf word.
 - Indien twee verskillende feite by een punt genoem word, word net die eerste feit nagesien.
 - Dui direkte aanhalings met 'n **A** aan.
 - Verkeerde spelling word nie geenaliseer nie, solank die betekenis duidelik is.
 - Sodra daar een of meer aanhaling is, ignoreer die blokkie oor die toekenning van taalpunte en gebruik die blokkie oor aanhalings.

VRAAG 2: HOE OM WATER TE BESPAAR[Verwerk uit Rainharvest.co.za]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	Ons land het nie baie water nie. As daar stukkende krane en pype by jou huis is, moet dit dadelik reggemaak word. Só sal jy help om water te bespaar.	Maak (stukkende) krane en pype (dadelik) reg. OF Moenie druppende krane en pype net so los nie.
2.	Almal moet saamwerk om water te bespaar. Draai krane altyd goed toe nadat jy dit gebruik het. Wanneer krane nie goed toegedraai word nie, loop daar kosbare water weg.	Jy moet krane goed toedraai (nadat jy dit gebruik het).
3.	Tap net genoeg water in 'n beker om jou tande te borsel. As jy die water laat loop, mors jy onnodig. Jy help dan nie om water te bespaar nie.	Moenie die kraan laat loop terwyl jy tande borsel nie. OF Jy moet net genoeg water tap om jou tande te borsel. OF Gebruik 'n beker om jou tande te borsel.
4.	Dit is verkeerd om die kraan te laat loop terwyl jy water drink. Tap eerder water in 'n glas of beker wanneer jy water wil drink.	Moenie die kraan laat loop terwyl jy water drink nie/Draai die kraan toe nadat jy water getap het. OF Drink water uit 'n glas of beker.
5.	Wanneer jy net 'n bietjie skottelgoed of wasgoed was, gebruik jy baie water om die wasbak elke keer vol te tap. Wag dus totdat daar baie vuil skottelgoed en wasgoed is voordat jy dit was.	Was baie skottelgoed of wasgoed op 'n keer. OF Moenie bietjies-bietjies wasgoed/skottelgoed was nie.
6.	Wanneer jy 'n tuinslang gebruik, mors jy onnodig water. Gebruik eerder 'n emmer met water daarin om jou motor te was. Jy sal verbaas wees hoeveel water jy bespaar.	Gebruik 'n emmer water om die motor te was. OF Moenie 'n tuinslang gebruik as jy die motor was nie.
7.	As jy water wat jy gebruik het om te bad of skottelgoed te was net laat wegloop, is dit 'n vermorsing van water. Jy kan hierdie water hergebruik om jou plante of jou grasperk nat te gooi.	Hergebruik water uit die huis in jou tuin. OF Gebruik jou vuil badwater of skottelgoedwater in jou tuin.
	GETAL WOORDE = 215 woorde (± 200 woorde - Disjunktief)	GETAL WOORDE = 62 woorde (50 – 60/65 maksimum)
TOTAAL AFDELING B: 10		

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> Families (wat van pizza hou). Mense wat graag pizza eet/wat lui is om te kook. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
3.2	<ul style="list-style-type: none"> (Die opskrif) is groot/in hoofletters/in verskillende lettertipes geskryf. (Die opskrif) is in vetdruk/donker letters/font. Daar is 'n uitroepteken. Dit staan heel bo aan die advertensie. Die woord "Gratis" (trek die leser se aandag). (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
3.3	"slegs" (Penaliseer nie as aanhalingstekens nie gebruik is nie)	1	2
3.4	dubbelpunt	1	3
3.5.1	<ul style="list-style-type: none"> A manipulering. A manipulering. (Enige EEN) 	1	3
3.5.2	jy	1	3
3.6	<ul style="list-style-type: none"> warm geurig (Enige EEN) 	1	2
3.7	<p>Mening</p> <ul style="list-style-type: none"> Dit is die adverteerder se opinie. Nie almal stem met die adverteerder saam nie. Daar is nie bewyse dat dit die lekkerste pizzas is nie/daar is lekkerder pizzas in ander winkels. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	6
3.8	Vriendelike diens word deur Bobaas Pizza gelewer.	1	5
3.9	geskree	1	2
SUBTOTAAL:		10	

VRAAG 4: STROKIESPRENT

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
4.1	luister	1	5
4.2	Meneer sê vir Neelsie dat hy sit en slaap. <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)</i>	1	5
4.3	<ul style="list-style-type: none"> • Die motor se as het gebreek (stang/staaf waarom 'n wiel draai) • Die as van die vuur is nog warm. (Oorblyfsel van verbranding) • Ek is groter as my broer. (Vergelyking) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
4.4.1	figuurlike	1	3
4.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy luister/hoor nie (as Meneer met hom praat nie). • Hy gee nie aandag aan wat Meneer vir hom sê nie. • Hy ignoreer Meneer as hy met hom praat. • Hy is ongehoorsaam. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <i>(Nie afhanklik van vraag 4.4.1 nie)</i> 	1	5
4.5	<ul style="list-style-type: none"> • Sy mond is groot oop. • Sy oë is toegeknyp/toe. • Sy wenkbroue is gelig. • Hy frons/hy het strepies op sy voorkop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
4.6	<ul style="list-style-type: none"> • stokdoof • potdoof (Enige EEN) 	1	3
4.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hy skree. • Hy raas met Neelsie. • Hy is kwaad. • Hy praat baie hard. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1	4
4.8	nie belangstel in wat Meneer sê nie.	1	2
4.9	<ul style="list-style-type: none"> • B • sarkasties. • B sarkasties. (Enige EEN) 	1	3
SUBTOTAAL:		10	

VRAAG 5.1: LEESSTUK

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.1.1	eerste	1	3
5.1.2	plas-tiek	1	3
5.1.3	nie	1	3
5.1.4	om plastiek te gebruik <i>(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1	3
5.1.5	Ongelukkig <i>(Die woord hoef nie met 'n hoofletter geskryf te word nie.)</i>	1	3
5.1.6	daagliks	1	3
5.1.7	sakke	1	2
5.1.8	in	1	1
5.1.9	Dis ons almal se land; daarom moet almal help skoonmaak. <i>(Penaliseer nie as die kommapunt nie daar is nie)</i>	1	5
5.1.10	Glas, papier en plastiek moet altyd netjies eenkant gehou word. <i>(Die hele sin moet korrek wees vir die punt.)</i>	1	5
5.1.11	ashope	1	3
5.1.12	weer	1	2
5.1.13	nuwe	1	3
5.1.14	jou	1	1
SUBTOTAAL:		14	

VRAAG 5.2: PRENT

VRAAG	ASSESERINGRIGLYNE	PUNT	VLAK
5.2.1	studeer	1	2
5.2.2	lig	1	2
5.2.3	goeienag	1	2
5.2.4	sukses	1	2
5.2.5	skryfbehoeftes	1	2
5.2.6	moedeloos	1	2
SUBTOTAAL:		6	
TOTAAL AFDELING C:		40	

AFDELING D: LETTERKUNDE**BLADSAK – Lucas Malan****VRAAG 6****VERHAAL A: “DIE HEN EN DIE NAALD” – Minnie Postma**

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.1	<ul style="list-style-type: none"> • Valk wou met Hen gesels. • Valk het van lekker geselskap gehou. • Valk en Hen het daarvan gehou om lekker te praat en te lag. • Valk is lief vir Hen. • Valk was groot maats met Hen. (Enige EEN) 	1	1
6.2	(Vir) Hen	1	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> • B • herhaling. • B herhaling. (Enige EEN) 	1	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> • Sy wou die velletjies aanmekaar werk. • Sy wou vir haar 'n karos maak. • Hen het nie haar eie naald nie. • Valk is die enigste een met 'n naald (Enige TWEE) 	2	1
6.5	waarskuwing	1	3
6.6.1	<ul style="list-style-type: none"> • B • ... het half jaloers geklink. • B ... het half jaloers geklink. (Enige EEN) 	1	3
6.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • E • ... het bang gevoel. • E ... het bang gevoel. (Enige EEN) 	1	3
6.6.3	<ul style="list-style-type: none"> • C • ... het gepraat van poele wat opdroog. • C ... het gepraat van poele wat opdroog. (Enige EEN) 	1	3
6.6.4	<ul style="list-style-type: none"> • A • ... het vir Hen die naald teruggevra. • A ... het vir Hen die naald teruggevra. (Enige EEN) 	1	3

6.7	<ul style="list-style-type: none"> • Hen het Valk se naald geleen. • Hen het vir almal in die kraal haar karos gewys. • Valk se naald het op die ashoop beland. • Almal het gehelp om na die naald te soek. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.8	<ul style="list-style-type: none"> • C • haar kuikens beskerm. • C haar kuikens beskerm. (Enige EEN)	1	3
6.9	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het die naald verloor/nie die naald opgepas nie. • Sy het 'n roekelose belofte gemaak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
6.10	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het Valk se naald verloor/Sy het Valk se naald op die vloer gelos. • Dit het Hen van haar verantwoordelikheid laat vergeet. • Dit het haar kinders se lewens in gevaar gestel. • Tot vandag toe leef Hen en haar kuikens in vrees vir Valk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.11	<ul style="list-style-type: none"> • Die verhaal handel oor Hen wat Valk se naald laat wegraak. • Die verhaal handel oor die Hen en die naald. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.12	<ul style="list-style-type: none"> • Vriende vergewe mekaar. • Ware vriend wil nie seermaak/hartseer maak/wraak neem/vergeld nie. • Hy wou een van Hen se kuikentjies vreet. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
6.13	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is 'n Sotho-verhaal. • Dit is die taal van die mense wat die storie vertel het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
		[20]	

VERHAAL B: “STOKVEL OP 'N PLAAS” – Justice L Makete

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	VLAK
6.14	MaDlamini	1	1
6.15	<ul style="list-style-type: none"> • (Op die) plaas. • (Plaas) Lekkerbek. • Ma Dlamini se huis/lapa. (Enige EEN)	1	1
6.16	<ul style="list-style-type: none"> • Dan is daar geld om hulle ledegeld te betaal. • 'n Lid kry die stokvelgeld om te help met die volgende maand se uitgawes/skoolgeld/kos. • Dié wat nie lede was nie, het geld gehad om vir die eetgoed te betaal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	2	1

6.17	<ul style="list-style-type: none"> Die voorbereidings het al vroeg die oggend begin. Die stokvelgangers het van heinde en verre na die stokvel gekom. Die stokvelgangers het geëet tot al die kos klaar was. Die dronkaards het moeilikheid veroorsaak. 	1 1 1 1	2 2 2 2
6.18.1	<ul style="list-style-type: none"> C ... het die stokvel met gebed geopen. C ... het die stokvel met gebed geopen. (Enige EEN)	1	3
6.18.2	<ul style="list-style-type: none"> A ... het gesorg dat die getalle uitwerk. A ... het gesorg dat die getalle uitwerk. (Enige EEN)	1	3
6.18.3	<ul style="list-style-type: none"> D ... het die name uitgelees. D ... het die name uitgelees. (Enige EEN)	1	3
6.18.4	<ul style="list-style-type: none"> B ... het die stokvelgeld gekry. B ... het die stokvelgeld gekry. (Enige EEN)	1	3
6.19	<ul style="list-style-type: none"> C klanknabootsing. C klanknabootsing. (Enige EEN)	1	3
6.20	<ul style="list-style-type: none"> A baie kinders saamgebring het. A baie kinders saamgebring het. (Enige EEN)	1	3
6.21	Die mense het lekker gekuier/gedans/gelag/gedrink/geëet. (Enige EEN)	1	3
6.22	laaste	1	3
6.23	<ul style="list-style-type: none"> Almal het die Dlamini's gehelp met die voorbereidings. Almal in die omgewing het die stokvel bygewoon. Mense het van heinde en verre gekom om te ondersteun. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4

6.24	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het gesien bakleiers word nie in daardie kontrei aanvaar nie. • Hy het gesien moeilikheidmakers word nie in hierdie kontrei aanvaar nie. • Hy het gesien skurke word in daardie kontrei reggesien. • Hy het nie welkom tussen die mense gevoel nie. • Hy was 'n moeilikheidmaker. • Hulle wil hom slaan/hy was bang. • Hy kan op 'n ander plek oor begin. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
6.25	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle moenie weer Malaita by die stokvel toelaat nie. • Die hele gemeenskap moet saamstaan om seker te maak dat daar nie moeilikheid is nie. • Hulle moet nie drank op die stokvel drink nie. • Hulle moet die polisie nooi/bel. • Ndevu moet elke stokvel bywoon as sekuriteit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	4
6.26	<ul style="list-style-type: none"> • Dit het die mense met geldelike probleme gehelp/Die mense kry meer geld vir groter uitgawes. • Die mense het mekaar ondersteun. • Die mense het mekaar beter leer ken. • Dit het <i>Ubuntu</i> bevorder. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
		[20]	

TOTAAL AFDELING D: 40
GROOTTOTAAL: 120